NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 15 – Uitgawe 42
24 November 2022

# Proponente, gryp elke gulde geleentheid aan!

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Êrens in die wêreld is 'n uitbeelding van die bekende beeldhouer Lysippos wat in die vierde eeu voor Christus geleef het. Die beeld is dié van 'n seun met die naam *Caerus* wat later in die woord *kairos* van Markus 1: 15 (en ander tekste) neerslag vind. Kairos het ryke betekenismoontlikhede, maar kan onder andere ook iets soos "besondere geleentheid" beteken. Kairos weerspieël tye van afwagting, opwinding/hoogspanning en besluitneming.**

*Caerus* word met 'n vreemde voorkoms uitgebeeld. Hy het vlerke op die rug en aan die agterkant van sy voete. Aan die voorkant van sy kop is daar 'n lang haarlok, terwyl die agterkant van sy kop kaal oftewel bles is. In sy linkerhand hou hy 'n weegskaal en met sy regterhand kantel hy die skaal na sy kant toe.

Onderaan die uitbeelding is daar 'n inskripsie met die woorde van 'n vraagsteller en die antwoorde van die jongman:

*Wie het jou gemaak? Lysippos het my gemaak. Wat is jou naam? My naam is Geleentheid. Hoekom het jy vlerke aan jou voete? Dat ek vinnig kan wegvlieg. Hoekom die haarlokke op jou voorkop? Dat mense wanneer hulle my sien aankom, my kan gryp… Hoekom die bles op jou agterkop? Sodat wanneer ek verby is, niemand my in die hande kan kry nie!*

Legitimasie is wanneer 'n afgestudeerde student wettig/regmatig tot die evangeliebediening toegelaat word om voortaan as 'n proponent bekend te staan en tegelyk beroepbaar gestel te word. Dit is baie beslis 'n kairosgebeure vir elke gelegitimeerde. Vanjaar se proponente, net soos talle voor hulle, kan nie wag vir die geleentheid om in hul eerste gemeentes te werk nie. Die proponente wat op 17 November 2022 gelegitimeer is, is Louizé de Beer, Lamé Janse van Rensburg en Wilma Lötter-Matthee. Al drie van hulle het binne hul vermoë die beste van hul geleenthede gebruik gemaak, soos die prysuitdeling ook uitgewys het.

Louizé de Beer het die pryse vir die beste presteerder in Godsdiens- en Sendingwetenskap; Dogmatiek en Christelike Etiek; Nuwe Testamentiese Wetenskap; die Kuratoriumprys vir die beste skripsie; die toekenning vir die beste prestasie oor die hele terrein van teologiese studie; en die Cules Boshoff-erepenning ontvang. Wilma Lötter-Matthee het die toekennings in Ou Testamentiese Wetenskap en Praktiese Teologie ontvang, terwyl Lamé Janse van Rensburg die toekenning vir Kerkgeskiedenis ontvang het.

Ek wonder of daar 'n beroep is wat soveel geleenthede bied om op verskeie vlakke in mense se lewens betrokke te raak as juis die bediening. Predikante het meestal 'n oop deur na lidmate se huise. Hoeveel ander beroepe het dieselfde voorreg? 'n Predikant deel in mense se vreugde soos by huweliks- en doopgeleenthede, verjaardae en herdenkings, en ook in hul diepste seer met die verwerking van 'n lewensbedreigende diagnose, die afsterwe van 'n geliefde, en die gewone stryd om liggaam en siel bymekaar te hou.

Elke dag in die bediening lewer soveel geleenthede op – binne en buite die gemeente. Dit kom dikwels aangevlieg, en soms kom dit al skoorvoetende verby. Die uitdaging is om geleenthede betyds te eien en aan te gryp – om 'n geleentheid aan die haarlok beet te kry en nie tevergeefs na die bleskop te gryp nie. In Kolossense 4: 5 staan daar: *Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is. Maak die beste gebruik van elke geleentheid.*

My bede is dat hierdie proponente – ons elkeen – elke gulde geleentheid in God se koninkryk sal aangryp.

**Dr André Ungerer**
**Hoof: Hervormde Teologiese Kollege**

## Lief en leed



- **Ds Janine (née Truter) en Alwyn Fourie** het verlede week 'n babadogtertjie ryker geword! Haar naam is **Nina Wanda Fourie**. Baie geluk!

- Die **BD 3-klas van 1995** (of dié wat naby en beskikbaar is) begin nou reünies hou met hul dosente. Dinsdag 15 November 2022 is by Café Grenadine in Hillcrest saam met prof Natie van Wyk en sy vrou, prof Neltjie van Wyk (Verpleegkunde), gekuier. Ons het sy publikasies by hom gekoop en hy het aan die SP Engelbrecht-museum 'n eksemplaar van sy nuutste publikasie *Philipp Melanchthon: Die denker, leermeester en opvoeder van die Reformasie* geskenk. **Op die foto** is prof Natie saam met (van links na regs) di Martin Slabbert, Carel Johann de Bruin, Annerie Conradie en dr Sanrie de Beer.




- **Die volgende predikante verjaar tot 2 Desember, en word hartlik geluk gewens:**
    - Donderdag 24 November: Di JJ (Jacques) Pieterse (54) (Laer Suidkus) en CAP (Neels) van Tonder (66) (emeritus)
    - Vrydag 25 November: Prop H (Hanri) Reichel (25) (beroepafwagtend)
    - Saterdag 26 November: Ds GJ (Gert) van Staden (75) (emeritus)
    - Sondag 27 November: Ds MA (Michael) Müller (30) (Klerksdorp-Wilkoppies)
    - Maandag 28 November: Dr BJ (Barry) van Wyk (76) (emeritus/Warmbad) en ds SH (Fanie) Willers (36) (beroepafwagtend)
    - Woensdag 30 November: Ds JF (Jan) Wilson (67) (emeritus)
    - Donderdag 1 Desember: Prof Y (Yolanda) Dreyer (66) (emeritus/Nederlandssprekende Gemeente)
    - Vrydag 2 Desember: Ds JPJ (Kalla) Fourie (74) (emeritus)

## Gemeentes en bediening

- **Die Sinodale Dienssentrum se jaareindfunksie vind op Vrydag 2 Desember plaas. Die personeel sal dus nie op dié dag beskikbaar wees nie.**

- Drie nuwe kandidate is Donderdag 17 November gelegitimeer en as proponente tot die NHKA toegelaat. Hulle is **prop L (Louize) de Beer, prop L (Lamé) Janse van Rensburg, en prop W (Wilma) Lötter-Matthee**. Baie geluk! Op die foto van links na regs is Wilma, Louize en Lamé.





Ds David Barnard



Ds Johan Bezuidenhout

- **Di David Barnard** (Magaliesmoot) **en Johan Bezuidenhout** (emeritus) is aangewys as die NHKA se twee ambassadeurs by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

- **VAKATURE: INLIGTINGSBEAMPTE VIR DIE NHKA.** Die doel van die rol is om die bewaring van alle elektroniese inligting en databasisse te verseker en tersaaklike inligting te verskaf aan kerklike gebruikers, en om te verseker dat die NHKA voldoen aan statutêre wetgewing.

  **Doelwitte wat bereik moet word**
    - Om tydig interne en eksterne beleid te formuleer, te kommunikeer en te implementeer, en opleiding te verskaf om te voldoen aan statutêre belange en beste praktyke.
    - Om alledaagse administratiewe inligtingsprosesse te optimaliseer om effektiwiteit binne die Sinodale Dienssentrum te verhoog.
    - Om tydig die nodige beleid, inligtingspraktyke en inligtingbewaringstelsels te ontwikkel, te implementeer en in stand te hou om te verseker dat inligting beskikbaar en veilig is met die oog op navorsing oor die lang termyn.
    - Om tydig en gepas navorsingsnavrae af te handel of na die toepaslike persoon te kanaliseer.

- Om tydig en akkuraat die DBText-databasis in stand te hou ter ondersteuning van effektiewe stelselbestuur en dienslewering.
- Om tydig en akkuraat vorderingsverslae beskikbaar te stel aan Bestuur ter ondersteuning van prestasiebestuur en dienslewering.

**Kwalifikasies vereis:** Graad in Inligtingkunde of Informatika.

**Verdere kennis en vaardighede benodig**

- POPIA- en PAIA.
- Kerklike konteks en Kerkorde.
- Rekenaarvaardigheid (Microsoft Office 365, Sharepoint, DBText).

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 25 November 2022.**

**Rig navrae aan:** Dr Wouter van Wyk, Sekretaris: Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, **wouter@nhk.co.za.**

- **Gemeente Waterberg se e-posadres** het verander. Dit is nou **admin@hervormwaterberg.co.za**.

- Kom vier saam **Kersfees in die Kaap**. Die **Kersdag-eredienste** is soos volg:
  - **NHKA Strand:** 09:00 hv Elim- en Boschendalstraat, Die Bos, Strand
  - **NHKA Stellenbosch:** 09:00 hv Bosman- en Hofmeyrstraat, Stellenbosch
  - **NHKA Worcester:** 09:00 Hendry Girdstraat 11, Worcester
  - **NHKA Kaapstad, preekpunt Tygerberg:** 09:00 Rothmanstraat 29, Parow-Noord (voorsang 08:45)
  - **NHKA Kaapstad, preekpunt Melkbosstrand:** 09:00 Robbenweg (voorsang 08:45)
  - **NHKA Weskus:** 09:00 Japie Burgerstraat 8, Vredenburg
  - **NHKA Bellville:** 09:00 hv Ganzekraal- en Meerluststraat, Bellville

## Vergaderings


- Donderdag 24 November: DPS en Plesion Finkom
- Vrydag 25 November: Raad van Finansies

## Kerklike publikasies

- **Die laaste uitgawe van *Blitspos* vanjaar is dié van 8 Desember. Die eerste uitgawe van 2023 is dié van 19 Januarie.**




- Gemeentes moet onthou om die ***Almanak/Bybelse Dagboek*** ook vir hul emeriti te bestel. Bestel asseblief per e-pos en sê ook of dit versend moet word of afgehaal sal word. Dié wat hul hele ring se boeke kan afhaal, kan mev Sarie Roux ook laat weet by **boekwinkel@nhk.co.za**. Gemeentes sal verwittig word sodra die boeke by die Sinodale Dienssentrum afgelewer is.




- In die **November/Desember 2022-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** lui **ds Hannelie Botha** haar redaksioneel in met *Dankbaarheid* gesien vanuit ons Hervormde tradisie. **Dr Piet van Staden** skets in sy oordenking *Die Here is ons hoop in moeilike tye* hoe die beloftes van God vandag nog steeds vir ons in stand gehou word. **Ds Hannelie Botha** gee in die opvolgartikel oor *Ons vrouedosente in die Teologie* vir ons die kans om prof Ananda Geyser-Fouché te ontmoet. **Mev Wilna Gates,** voorsitter van die ADV, deel die besluit oor diensorgane wat gedien het by die 73ste AKV in *Barmhartigheidsdiens in die Hervormde Kerk.* Ten slotte word belangrike datums vir 2023 uitgelig in *NHSV sake en inligting.* Volg die skakel **https://nhsv.org.za/publikasies/**.

- Die Hervormde Teologiese Kollege **(HTK) se nuwe webwerf** is lewendig en kan by **https://hervormdeteologie.co.za/** besigtig word.




## SP Engelbrecht-museum






- **Ds Carel Johann de Bruin** rig hierdie versoek: "Ek skryf oor die herkoms, geskiedenis en gebruik van die KANSELKLEED (kansellap of -spreuk) in die NHKA. Ek wil vra dat sekretariële beamptes of kosters (of dominees) vir my foto's sal neem en in kort sal vertel wat jul gemeente se kanselkleed besonders en uniek maak. **Stuur dit asseblief voor 31 Desember** na **cjdb@boomaap.co.za** of WhatsApp 082 733 3951. Is jul kleed baie oud? Of het julle nog die ou oorspronklike kleed? Deur iemand spesiaals gemaak? Waarvan is dit vervaardig? Lap, geweef, uit hout, glas, en dies meer. Ook as julle iets gelees het oor die herkoms van hierdie kosbare deel van ons kerkruimte en erediens. Ek sien uit na jul bydraes! Links is die klede van Wonderboompoort (bo) en 'n onbekende gemeente (onder)."




- Reël 'n afspraak vir 'n **begeleide toer by die NHKA se SP Engelbrecht-museum** op 'n tyd wat jou die beste pas, met my, **Carel Johann de Bruin**, by 082 733 3951, **cjdb@boomaap.co.za** (*boom* vir Wonderboom en *aap* vir Aapjesrivier). R40 per persoon, R30 per persoon indien groepe groter is as 10. Gemeentes, kerkrade, sustersgroepe, seniorgroepe, kategese en aftreeoorde; selfs tuisskoolleerders, geskiedenisklasgroepe van skole, geskiedenisstudente en nie-kerklidmate is welkom. Daar is veel meer as net kerkgoeters! Veilige parkering; rolstoeloprit; piekniekplek. Vriendelike groete en onthou: julle is hartlik welkom!

## Studentesake

- **NHKA Stellenbosch aanvangskamp:** Gemeente Stellenbosch nooi al die Hervormers wat in 2023 aan Stellenbosch Unversiteit gaan studeer na ons aanvangskamp **Sondag 29 Januarie tot Woensdagoggend 1 Februarie 2023**. Ons vertrek Sondag 14:00 van die kerkgebou af na die kampterrein ongeveer 10 km buite Stellenbosch. Vir meer besonderhede, kontak gerus vir dr Chris le Roux (079 495 3239 / **cleroux@mweb.co.za**) of Elizabeth Rossouw (+264 81 833 7022 – dit is 'n Namibiese nommer, maar sal werk vir WhatsApp). Gee asseblief hierdie inligting vir elkeen wat jy ken wat hier gaan kom studeer. Ons wil veral graag al die nuwe studente by die kamp leer ken, en julle sal dit baie geniet.

- **Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp**
  **31 Januarie – 3 Februarie 2022**
  By Venterskroon-kampterrein
  R1 200 per persoon
  Vir meer inligting, skakel dr Rudy Denton by 082 459 9710
  Inligtingsvorm: **https://forms.gle/qZZrekn4VbZ6GFzH6**

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.




## 'n Gedig

**Pas op**

'n Welgeskape roekelose kind
vir wie volwassenes dit nodig vind
om telkens *pas op pas op* te beveel
bly – meer geluk as wysheid – skaflik heel
totdat die jare en 'n donker drang
na die absoluut onbesonne sprong saamspan
teen al wat haar beveilig het tot dan.
Sy leer oplaas die oggendlig ontvang
en vashou soos 'n porseleindun bord
wat, as sy strompel, sou versplinter word.
Die retoriek waarop sy haarself betrap
– *pas op* – kom straks te pas by elke stap.

**Elisabeth Eybers**
(Uit: *Noodluik*, 1989)

## Transoranje Instituut (TOIBO)


Arina Jooste

- **"Ek groet u…** Daar is 'n tyd om te kom en 'n tyd om te gaan. Na diens van 18 jaar aan TOIBO en haar skole, tree ek aan die einde van Februarie 2023 af. Alhoewel met hartseer, omdat ek die skole en ons spesiale kinders moet groet, is dit ook met groot dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader wat altyd voorsien het in ons behoeftes sodat ons 'n verskil in hierdie kinders se lewens kon maak.

My opregte dank aan –

- die NHKA en haar gemeentes – julle was en is steeds ’n waardige vennoot;
- dr André Ungerer en lede van die AKV en ADV vir u ondersteuning aan my persoonlik asook aan TOIBO as een van die diensorgane van die NHKA;
- ds Gerhard Stoltz en diak Andries Pretorius wat as bestuurslede van TOIBO dien; en
- die personeel van die Sinodale Dienssentrum wat my oor jare heen so ongelooflik ondersteun het en as een van julle aanvaar het.

Julle het my vlerke gegee om hierdie Koninkrykswerk elke dag met oorgawe te doen tot voordeel van kinders met gestremdhede.

Mag julle, en ek, NOOIT ophou om ’n bekertjie water uit te deel aan dié wat dors is nie, en NOOIT ophou om ’n kruk te wees vir dié wat mank deur die lewe gaan nie.

SOLI DEO GLORIA.”


**Arina Jooste**
**Uittredende uitvoerende beampte, TOIBO**



Alta Koekemoer

- **Ons verwelkom Alta Koekemoer...** *“Ek is ’n gebore en getoë Vrystater wat my skoolloopbaan in Bloemfontein voltooi het en direk na skool die koöperatiewe wêreld betree het terwyl ek deeltyds studeer het. Ek en my eggenoot en twee kinders het egter in 2008 besluit om die platteland vir die stad te verruil. My lewenspad het my gelei tot die wonderlike werk waar ek ’n verskil in die lewens van Dowe kinders kan maak, en vir die afgelope 14 jaar bestuur ek Deafability NPC ten bate van Transoranje-Skool vir Dowes. Ek sien uit na die geleentheid om in TOIBO my passie en omgee vir kinders met gestremdhede uit te kan lewe en ’n bydrae tot die voorspoed van die vyf TOIBO-skole te kan maak.”*

## Barmhartigheid



- Die **Motsepe-stigting** het op Dinsdag 15 November weer ’n wye groep godsdiensleiers, tradisionele leiers en verteenwoordigers van landbou en ontwikkelingsagentskappe byeengebring. Die Hervormde Kerk is een van die kerke wat na hierdie byeenkomste uitgenooi word en ons gebruik die geleentheid om ons Kerk bekend te stel en bande met ander kerke en organisasies te bou. Die Motsepe-stigting gee jaarliks vir al die deelnemende kerke en ander instansies ’n bedrag geld wat na goeddunke aangewend kan word. Die Kommissie van die AKV het ’n groot deel van hierdie geld oor die jare aan **Rata Maatskaplike Dienste** geskenk, en ook by geleentheid ’n ontmoeting tussen verteenwoordigers van die Motsepe-stigting en Rata gereël. Hierdie jaar is twee verteenwoordigers van Rata, **diak Pieter Schreiber en Connie Jood**, ook na die geleentheid genooi, waar RSG na afloop van die geleentheid met hulle en met **dr Wouter van Wyk**, sekretaris van die Kommissie van die AKV, onderhoude gevoer het. Sodoende het ons dus ook die geleentheid gekry om die NHKA en Rata aan ’n wyer gehoor bekend te stel.

- **NHSV takjaarverslae.** Uiteindelik is alles weer terug na normaal, en ons as NHSV Hoofbestuur is baie opgewonde om te hoor hoe NHSV takke die jaar 2022 beleef het. Vir seker moes daar nuut en anders gedink word, maar dit is iets waarmee ons dames glad nie ’n probleem het nie, of hoe! Die NHSV takjaarverslag is verkort en gaan dus maklik invul. Let daarop dat takke hul besture se besonderhede volledig moet invul sodat ons dit kan vergelyk met ons databasis. Benewens die gewone inligting oor vergaderings, byeenkomste en fondsinsamelings, hoor ons ook graag oor jul pas afgelope streekbyeenkomste. Vir die NHSV Hoofbestuur is die inligting in die takjaarverslae van groot waarde. Daarom wil ons weer eens ’n beroep op NHSV takke doen om dit in te vul en **vóór 30 November** aan hul streekvoorsitters te stuur. ’n Opregte woord van dank aan al die besture wat só getrou die verslae invul. Laai die dokument ***hier*** af.

- **NHSV Studieleningsfonds 2023**. Die NHSV beskik oor studielenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm kan *hier* afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie 2023.**

- **Belfast Rusoord.** Kom raak rustig in ons goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike seniorburgers. Ons bied 24-uur mediese versorging; CCTV; 24-uur-toegangsbeheer; drie gebalanseerde maaltye per dag; en aktiwiteite vir elkeen.
  Semiversorgend: R6 180
  Verswakte bejaardes: R6 720
  **Woonstelle (selfversorgend) –**
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R2 830
  Eenslaapkamer: R4 500
  Tweeslaapkamer: R6 070
  Kontak ons bestuurder vir enige navrae
  Riana de Villiers 013 253 31211 / 063 663 7449 **manager@belfastrusoord.co.za**

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede**
  Enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as ’n stil, veilige, boomryke omgewing en ’n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Toerusting

- Die digter **Sheila Cussons** (09/08/1922 – 25/11/2004) sou op 9 Augustus vanjaar 100 jaar oud word. As huldiging het een van die Akademielede, dr Joanita Erasmus-Alt, ’n keur uit Cussons se gedigte getoonset. Hierdie siklus is deur die Klinkklaar Vokale en Instrumentale Ensemble opgeneem en word op 25 November (die 18de herdenking van Cussons se sterfjaar) op die SA Akademie se Facebook- en YouTube-blad uitgesaai. Die opnames word vergesel deur beeldmateriaal bestaande uit foto’s van Cussons en kunswerke deur haarself. Die opname is beskikbaar **vanaf 25 November 2022 om 18:00** en bly op die twee platforms om later ook daarna te kan kyk.
  YouTube: **https://www.youtube.com/channel/UCp7S5UyyEazdGABB7owx2Hg**
  Facebook: **https://www.facebook.com/saakademie/**

## Allegaartjie

Die geheim van die lewe, vir hom? “Om ... verwonderd te bly oor die ongelooflikheid daarvan. Om aangedaan te kan raak oor goed. Ons moet geroer kan word. Ons hoef nie altyd jolly te wees nie, dis ’n bietjie oorskat, is dit nie? Ek is heeltemal gelukkig met hoe gereeld ek jolly is. Ek weet daar is betekenis in my lewe. En dis genoeg.” (Waldimar Pelser in gesprek met Hanlie Retief, in *Rapport*, 20 November 2022)

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

## Gebed vir die week

Here, draai u oor, antwoord my,
want ek is magteloos en behoeftig.
Wees my genadig, my Heer,
want na U roep ek die hele dag lank.
Here, hoor tog my gebed
en gee tog aandag aan my smeekgebede.
In die tyd van my nood roep ek na U,
want U antwoord my.
My Heer, my God,
ek wil U prys met my hele hart;
ek wil u Naam vir altyd eer,
want u troue liefde teenoor my is groot:
U het my lewe weggeruk uit die doderyk daar onder.
U is ’n barmhartige en genadige God,
geduldig, oorvloedig in troue liefde en waarheid.
Draai na my en wees my genadig.
Amen.

**(Uit: Psalm 86, AFR2020)**

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk